

**Die karakterisering, benutting en vervaardiging van  
produkte herwin vanuit *Lippia scaberrima* Sond.**

deur

**Francois Cornelius Terblanché**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**Philosophiae Doctor (Chemiese Ingenieurswese)**

in die Fakulteit Ingenieurswese

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Desember 2000

**The characterisation, utilization and manufacture of products  
recovered from *Lippia scaberrima* Sond.**

by

**Francois Cornelius Terblanché**

Submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree of

**Philosophiae Doctor (Chemical Engineering)**

in the

Faculty of Engineering

University of Pretoria

Pretoria

December 2000

..

The characterisation, utilization and manufacture of products  
recovered from *Lippia scaberrima* Sond.

by

Francois Cornelius Terblanché

**Supervisor:** Gerrit Kornelius

**Department:** Chemical Engineering

**Degree title:** Ph.D (Eng) (Chemical)

## ABSTRACT

The genus *Lippia* Houst. (family *Verbenaceae* Juss.) has been used medicinally for centuries in various cultures. Numerous traditional medicinal applications of the South African Lippias are known, and among these is *Lippia scaberrima* Sond., the "Beukesbossie". Products recovered from *L. scaberrima* include essential oils by means of batch microwave distillation and a herbal tea manufactured by various methods.

Microwave heating occurs through direct absorption of input energy. The whole sample is heated simultaneously with a heating rate much faster than for water distillation. Microwave distillation times can be expected to be less than corresponding water distillation times.

A large number of parameters influence essential oil composition and yield. Various geographical, climatic, botanical, production and other parameters were identified and listed.

The natural distribution of airdried leaves and flower heads and water as solvent was used in a domestic type microwave oven. Microwave distillation production parameters were studied and optima determined with respect to maximum oil yield. The batch microwave distillation production parameters studied (irradiation time, ratio of water used to plant material used, plant material moisture content, solvent recycling, physical size of plant material, addition of a surface tension modifier, soaking as pretreatment, load size, distillation kinetics and alternative solution medium namely ethanol) lead to a better understanding of microwave essential oil production. It enabled design of prototype continuous microwave distillation apparatus.

Mobile, continuous microwave distillation equipment enables extraction of essential oils in a rural environment. It allows rapid investigation of a large variety of plants, and retrieval of essential oils in an economical and uncomplicated manner.

Water distillation represents a classical technique for essential oil retrieval whereas microwave distillation is probably the most modern method. Physical and chemical properties of microwave and water distilled oils were determined. This enabled comparison of the microwave technique to a standard, industrially accepted production method.

Tea was manufactured from *L. scaberrima* by means of the green tea, Rooibos tea and black tea methods as a first iteration in the production of a commercial tea. Drying curves was developed as well as appropriate regions of production variables like withering- and fermentation temperatures and times.

**KEY WORDS:** *Lippia scaberrima*, *Verbenaceae*, Beukesbossie, essential oil, batch microwave distillation, continuous microwave distillation, water distillation, physical properties, chemical properties, herbal tea

**Die karakterisering, benutting en vervaardiging van produkte herwin vanuit  
*Lippia scaberrima* Sond.**

deur

Francois Cornelius Terblanché

**Promotor:** Gerrit Kornelius  
**Departement:** Chemiese Ingenieurswese  
**Graadbenaming:** Ph.D (Ing) (Chemies)

**OPSOMMING**

Plante van die genus *Lippia* Hout. (familie *Verbenaceae* Juss.) word hoofsaaklik gevind in Suid- en Sentraal-Amerika en Tropiese Afrika en word alreeds eeue lank in verskeie kulture medisinaal aangewend. So is daar verskeie tradisionele medisinale gebruike van die Suid-Afrikaanse *Lippia scaberrima* Sond., die Beukesbossie, bekend. Essensiële olies is verkry vanuit *L. scaberrima* m.b.v. enkelladingsmikrogolfdestillasie. Produkte herwin vanuit *L. scaberrima* sluit essensiële olies verkry deur enkelladingsmikrogolfdestillasie en 'n kruietee vervaardig volgens verskeie metodes in.

Mikrogolwe word gekenmerk deur kort golflengtes en hoë frekwensies. Hierdie kombinasie verleen aan mikrogolwe die vermoë om sekere materiale meer effektief te verhit as konvensionele verhittingsmetodes. Mikrogolfverhitting geskied deur direkte absorpsie van inset energie. Die hele monster word gelyktydig verhit met 'n verhittingstempo wat aansienlik vinniger is as dié van waterdestillasie. Daar kan verwag word dat mikrogolfdestillasietye korter sal wees as ooreenstemmende waterdestillasietye.

'n Groot aantal veranderlikes beïnvloed essensiële oliekwiteit (samestelling) en hoeveelheid (obrengs). Geografiese, klimatologiese, botaniese en produksieveranderlikes beïnvloed die olie verkry. Belangrike veranderlikes is geïdentifiseer en gelys.

Verskeie produksieveranderlikes is bestudeer en optima verkry m.b.t. maksimum olie-opbrengs.

Die natuurlike verdeling blare en blomhofies van lugdroë plantmateriaal en water as oplosmiddel is gebruik in 'n huishoudelike tipe mikrogolfoond. Die bestudeerde enkelladings-mikrogolfdestillasie produksieveranderlikes (irradiasietyd, verhouding water tot plantmateriaal gebruik, plantmateriaal voginhoud, oplosmiddel hersirkulering, plantmateriaal verdelingsgraad, byvoeging van 'n oppervlakspanningsmodifiseerder, voorafbehandeling nl. weking, ladingsgrootte, destillasiekinetika en alternatiewe oplosmiddel nl. etanol) het gelei tot verhoogde insig rakende mikrogolf essensiële olieproduksie. Bv., die invloed en optima van die enkelladingsveranderlikes betrokke het ontwerp van prototipe kontinue mikrogolfdestillasieapparaat moontlik gemaak.

Mobiele, kontinue mikrogolfdestillasietoerusting laat ekstraksie van essensiële olies in 'n landelike omgewing toe. Sodoende kan 'n groot verskeidenheid plante vinning ondersoek word en die essensiële olies herwin word op 'n ekonomiese en eenvoudige wyse. Plantmateriaal hoef nie meer vervoer te word nie en kan in die gebied van oorsprong gelaat word as bv. kompos ten bate van die plaaslike bevolking. Slegs die essensiële olies sal weggeneem word. Dit beteken dat Suidelike Afrika se aansienlike planteryk as 'n hernubare hulpbron benut kan word.

Waterdistillasie verteenwoordig die klassieke en mees algemeen gebruikte tegniek vir essensiële olieherwinning terwyl mikrogolfdestillasie waarskynlik die mees moderne metode is. 'n Aantal fisiese (vriespunt, kookpuntgebied, soortlike gewig, refraksie-indekse, viskositeit en optiese rotasie) en chemiese (pH, mengbaarheid met etanol, fenol-inhoud, karbonielgetal, suurgetal, estergetal, inhoud van vry en totale alkohole en residu na verdamping) eienskappe van mikrogolf- en watergedistilleerde *L. scaberrima* olie is bepaal. Dit het vergelyking van die mikrogolftegniek met 'n standaard, industrieel aanvaarde produksiemetode moontlik gemaak.

Tee is vervaardig vanuit *L. scaberrima* volgens die groen tee, Rooibostee en swart tee metodes as eerste iterasie in die daarstelling van 'n kommersiële tee. Drogingskurwes is bepaal sowel as toepaslike gebiede vir produksieveranderlikes soos verleppings- en fermentasietemperature en tye. Die fondasie is gelê waarvolgens *L. scaberrima* kan dien as kommersiële bron van 'n unieke inheemse Suid-Afrikaanse tee.

**SLEUTELWOORDE:** *Lippia scaberrima*, *Verbenaceae*, Beukesbossie, essensiële olie,

enkelladingsmikrogolfdestillasie, kontinue mikrogolfdestillasie,  
waterdestillasie, fisiese eienskappe, chemiese eienskappe,  
kruieete

## **Bedankings**

Aan die Almagtige Drie-enige God van Liefde van die Bybel kom die eer toe vir alle goeie dinge; en ek betuig my dankbaarheid aan my persoonlike Saligmaker en Verlosser, die Here Jesus Christus, vir die Genade aan my bewys om hierdie werk tot voltooiing te bring.

**Deuteronomium 31:6      Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie.**

- Mnr. Gerrit Kornelius, ek het lank gewonder wat om hier te skryf en weet nog steeds nie. Dit was 'n voorreg om saam met u te kon werk aan my skripsie, meestersgraad en nou ook die doktoraal. Dankie vir alles wat u die afgelope aantal jare vir my gedoen het.
- Prof. Johan Joubert van die Departement Elektroniese Ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria vir hulp verleen met die wiskundige aspekte van afsnygolfgeleiding.
- Prof. Robert Vlegaar van die Departement Chemie van die Universiteit van Pretoria vir hulp verleen met die bepaling van die optiese rotasiewaardes van die essensiële olies.
- Mnr. Hennie Gerber van die Departement Rekenaardienste van die Universiteit van Suid-Afrika vir die statistiese verwerkings en ontledings gedoen by die teevervaardiging se sensoriese evalueringsafdeling.
- Mnr. Vimlan Govender van SA Silicones (verskaffer van Dow Corning se produkte) vir raad oor skuimweermiddels en die verskaffing van gratis monsters om uit te toets.
- Dank aan my skripsiestudente betrokke by my navorsingsprojekte terwyl ek verbonde was as dosent aan die Departement Chemiese Ingenieurswese van die Universiteit van Pretoria. Individue wat sommige dele van die eksperimentele werk uitgevoer het was Paul Male, Johan van Rooyen, Ivan Strydom, Egmont Ottermann en Hermann Penzhorn.



- Opregte waardering en dank teenoor my ouers - Dankie dat pa en ma van altyd af daar is vir my.
- Dankie vir al die vriende en familielede wat my ondersteun en aangemoedig het.
- Spesiale dank aan my Marietjie, veral vir die tye wanneer niks wou werk nie en niemand anders wou luister nie...

Vir

Tycho (1989/09/16 — 2000/02/26),

ek is baie jammer oor al die kere wat ek moes werk en  
nie met jou kon speel nie...

## Nomenklatuur

Simbool	Verklaring	Eenhede
$\alpha$	Modus verswakingskonstante	[neper/m]
$\alpha_D$	Optiese rotasie	[°]
$\beta$	Modus voortplantingskonstante	[rad/m]
$\delta$	$\tan^{-1}(\epsilon''/\epsilon')$ met $\epsilon''/\epsilon'$ die verliesraaklyn	[rad]
$\delta$	Dui op verandering as dit saam met 'n veranderlike gebruik word, bv. $\delta T$	[ ]
$\epsilon$	Materiaal diëlektriese konstante	[ ]
$\epsilon'$	Reële deel van materiaal diëlektriese konstante. (Soms bloot diëlektriese konstante genoem.)	[ ]
$\epsilon''$	Imaginêre deel van materiaal diëlektriese konstante. (Verliesfaktor genoem.)	[ ]
$\epsilon_0$	Permittiwiteit van die vrye ruimte, nl. $8.854 \times 10^{-12}$	[farad/m]
$\epsilon_r$	Materiaal relatiewe permittiwiteit	[ ]
$\epsilon_x$	Materiaal permittiwiteit	[farad/m]
$\mu_0$	Permeabiliteit van die vrye ruimte, nl. $4 \pi \times 10^{-7}$	[henry/m]
$\mu_x$	Materiaal permeabiliteit	[henry/m]
$a$	Radius van 'n buisvormige golfgeleier	[m]
$c$	Konsentrasie van opgeloste stof in oplossing	[mg/ml]
$C_p$	Materiaal warmtekapasiteit	[kJ/kg K]
$E$	Energie	[J]
$f$	Frekwensie	[Hz]
$f_c$	Afsnyfrekwensie vir 'n bepaalde elektromagnetiese golfmodus	[Hz]
$h$	Planck se konstante, nl. $6.62608 \times 10^{-34}$	[J s]
$j$	Gebruik om komplekse getal aan te dui	
$k_c$	Afsnygolfgetal	[neper/m]
$l$	Padlengte van die optiese sel	[dm]

L	Lengte van 'n buisvormige golfgeleier	[m]
m	Massa	[kg]
N <sub>A</sub>	Avogadro se getal, nl. $6.02214 \times 10^{23}$	[1/mol]
n <sub>D</sub>	Refraksie-indeks	[ ]
P	Drywing	[J/s]
T	Temperatuur	[K]

### Voetskrifte

1	Toestand 1
2	Toestand 2
A	Avogadro
Begin	Begintoestand
c	Afsny
Einde	Eindtoestand
Maks	Maksimum
o	Vrye ruimte
P	By konstante druk
r	Relatief
T1	Temperatuur 1
T2	Temperatuur 2
x	Spesifieke materiaaltoestand

**INHOUDSOPGAWE**

	<i><b>Bladsy</b></i>
Summary	iii
Opsomming	v
Bedankings	vii
Opedra aan	ix
Nomenklatuur	x
Inhoudsopgawe	xii
1. Doel van die ondersoek	1
1.1. Inleiding	1
1.2. Probleemstelling	2
1.2.1 Essensiële olie	2
1.2.1.1 Karakterisering van die essensiële olies	2
1.2.1.2 Enkelladingsmikrogolfdestillasie	3
1.2.1.3 Kontinue mikrogolfdestillasie	6
1.2.1.4 Benutting van die olie	7
1.2.2 Kruietee	8
1.2.3 Ander benuttingsmoontlikhede	9
2. Literatuuroorsig	11
2.1. Inleiding	11
2.2 Essensiële olie	11
2.2.1 Identifisering van veranderlikes betrokke by olieherwinning	11
2.2.1.1 Geografiese veranderlike	13
2.2.1.2 Klimatologiese veranderlikes	13
2.2.1.3 Botaniese veranderlikes	15
2.2.1.4 Produksie bedryfsveranderlikes	18
2.2.1.5 Produksie toerustingveranderlikes	19
2.2.1.6 Bergingsveranderlikes	20
2.2.1.7 Diverse veranderlikes	21
2.2.2 Karakterisering van die essensiële olies	21
2.2.3 Mikrogolfproduksie van essensiële olies	25

<b>Inhoudsopgawe (vervolg...)</b>	<b>Bladsy</b>
2.2.3.1 Inleiding	26
2.2.3.2 Wiskundige aspekte van mikrogolfsisteme	28
2.2.3.3 Termodinamiese aspekte van mikrogolfsisteme	29
2.2.3.4 Diëlektriese eienskappe van materiale	30
a) Frekwensie van mikrogolfstraling	32
b) Temperatuur	33
c) Materiaaldigtheid	33
d) Materiaalvoginhoud	33
e) Ioniese verbindings	33
2.2.3.5 Elektromagnetiese velde	34
2.2.3.6 Indringingsdiepte van mikrogolfstraling	35
a) Frekwensie van mikrogolfstraling	36
b) Temperatuur	36
c) Materiaaldigtheid	36
d) Materiaalvoginhoud	36
e) Materiaal diëlektriese eienskappe	37
f) Fisiese materiaal grootte	37
g) Ioniese verbindings	37
2.2.3.7 Verhitting met mikrogolfstraling	37
2.2.3.7.1 Verhittingstempo	38
a) Frekwensie van mikrogolfstraling	38
b) Temperatuur	38
c) Materiaaldigtheid	38
d) Materiaalvoginhoud	39
e) Materiaal diëlektriese eienskappe	39
f) Spesifieke warmtekapasiteit van materiaal	39
g) Materiaaloppervlaktetoestand	39
h) Fisiese materiaal grootte	40
i) Materiaal massa	40

**Inhoudsopgawe (vervolg)*****Bladsy***

j)	Materiaalvorm	41
k)	Ioniese verbindings	41
l)	Elektriese veldsterkte	41
m)	Veranderlikes wat betrekking het op die oond	41
2.2.3.7.2	Temperatuurprofile	42
a)	Aksiale temperatuurprofiel	42
b)	Radiale temperatuurprofiel	43
2.2.3.7.3	Heersende omgewingstoestande in die oond	43
2.2.3.8	Geometriese oorwegings vir distillasieapparaat	43
2.2.3.9	Mikrogolfverhitting van mengsels	44
2.2.3.10	Meganisme van oplosmiddelaksie op oliekliere tydens mikro- golfekstraksie van essensiële olies	46
2.2.4.	Kontinue mikrogolfdistillasieapparaat	47
2.2.4.1	Inleiding	47
2.2.4.2	Gedeeltelike empiriese benadering tot ontwerp	47
2.2.4.3	Belangrike ontwerp oorwegings	48
2.2.4.3.1	Ontwerpvereistes	48
2.2.4.3.2	Ontwerpbeperkings	50
2.2.4.3.3	Materiaalkeuses	51
2.2.4.3.4	Materiaalvloei	52
2.2.5	Benutting van <i>L. scaberrima</i> essensiële olie	54
2.2.5.1	Inleiding	54
2.2.5.2	Suid-Afrikaanse essensiële olies	55
2.2.5.3	Antimikrobiese aktiwiteit	56
2.2.5.3.1	Antimikrobiese aktiwiteit van <i>Lippia</i> spesies essensiële olies	56
2.2.5.3.2	Antimikrobiese aktiwiteit van <i>L. scaberrima</i> essensiële olie	57
2.2.5.4	Ander potensiële gebruike van <i>L. scaberrima</i> essensiële olie	59

**Inhoudsopgawe (vervolg...)****Bladsy**

2.3	Teevervaardiging	61
2.3.1	Inleiding	61
2.3.2	Historiese oorsig	62
2.3.3	antioksidante	63
2.3.3.1	Inleiding	63
2.3.3.2	Auto-oksidasie	64
2.3.3.3	Meganisme van werking van antioksidante	64
2.3.3.4	Antioksidante in voedsel	65
2.3.3.5	Antioksidante van belang by teevervaardiging	65
2.3.4	Swart tee	66
2.3.4.1	Inleiding	66
2.3.4.2	Vervaardiging van swart tee	67
2.3.4.3	Bemaking	68
2.3.4.4	Sensoriese evaluering	69
2.3.4.5	Gesondheidsaspekte van swart tee	69
2.3.5	Rooibostee	70
2.3.5.1	Inleiding	70
2.3.5.2	Vervaardiging van Rooibostee	70
2.3.5.3	Bemaking	71
2.3.5.4	Sensoriese evaluering	72
2.3.5.5	Gesondheidsaspekte van Rooibostee	72
2.3.6	Heuningbostee	73
2.3.6.1	Inleiding	73
2.3.6.2	Vervaardiging van heuningbostee	73
2.3.6.3	Bemaking	75
2.3.6.4	Sensoriese evaluering	75
2.3.6.5	Gesondheidsaspekte van heuningbostee	76
2.3.7	Kruietee	77
2.3.7.1	Inleiding	77



## Inhoudsopgawe (vervolg...)

Bladsy

2.3.7.2	Vervaardiging van kruietee	77
2.3.7.3	Bemaking	77
2.3.7.4	Sensoriese evaluering	79
2.3.7.5	Gesondheidsaspekte van kruietee	79
2.3.8	Aspekte van belang rondom <i>Lippia scaberrima</i> tee	80
2.3.8.1	Samestelling van <i>Lippia</i> tee	80
2.3.8.2	Gesondheidsaspekte van <i>Lippia</i> tee	80
2.3.8.2.1	Toksisiteit van tee afkomstig van <i>Lippia</i> spesies	80
2.3.8.2.2	Gesondheidsvoordele van <i>L. scaberrima</i> tee	82
2.4	Ander benuttingsmoontlikhede van <i>L. scaberrima</i>	83
2.4.1	Medisinale gebruike van <i>Lippia</i> spesies	83
2.4.2	Ander gebruike van <i>L. scaberrima</i>	85
3.	Karakterisering van die essensiële olies	87
3.1	Inleiding	87
3.2	Fisiese eienskappe	87
3.2.1	Vriespunt	87
3.2.2	Kookpuntgebied	88
3.2.3	Soortlike gewig	91
3.2.4	Refraksie-indekse	91
3.2.5	Viskositeit	92
3.2.6	Optiese rotasie	93
3.3	Chemiese eienskappe	94
3.3.1	pH	94
3.3.2	Mengbaarheid met etanol	94
3.3.3	Fenol-inhoud	95
3.3.4	Karbonielgetal	95
3.3.5	Suurgetal	96
3.3.6	Estergetal	97
3.3.7	Inhoud van vry en totale alkohole	98

**Inhoudsopgawe (vervolg...)**

**Bladsy**

3.3.8	Residu na verdamping	99
3.4	Vergelyking van olies verkry met verskillende produksiemetodes	100
4.	Enkelladingsmikrogolfdestillasie	103
4.1	Eksperimenteel	103
4.1.1	Insameling van plantmateriaal	103
4.1.2	Samestelling van plantmateriaal	103
4.1.3	Opskaling van waterdestillasieapparaat	105
4.1.4	Invloed van verhouding water tot plantmateriaal gebruik by waterdestillasie	107
4.1.5	Standaard bedryfsprosedure	108
4.1.6	Veranderlikes ondersoek	112
4.1.6.1	Irradiasietydsduur	112
4.1.6.2	Verhouding water tot plantmateriaal gebruik	112
4.1.6.3	Voginhoud van plantmateriaal	113
4.1.6.4	Hersirkulering van water	113
4.1.6.5	Verdelingsgraad van plantmateriaal	114
4.1.6.6	Byvoeging van oppervlakspanningsmodifiseerder	114
4.1.6.7	Voorafbehandeling nl. Weking	114
4.1.6.8	Ladingsgrootte	115
4.1.6.9	Distillasiekinetika	115
4.1.6.10	Alternatiewe oplosmiddel	115
4.2	Resultate	118
4.2.1	Irradiasietydsduur	118
4.2.2	Verhouding water tot plantmateriaal gebruik	118
4.2.3	Voginhoud van plantmateriaal	120
4.2.4	Hersirkulering van water	121
4.2.5	Verdelingsgraad van plantmateriaal	122
4.2.6	Byvoeging van oppervlakspanningsmodifiseerder	123
4.2.7	Voorafbehandeling nl. weking	124

<b>Inhoudsopgawe (vervolg...)</b>	<b>Bladsy</b>	
4.2.8	Ladingsgrootte	125
4.2.9	Distillasiekinetika	126
4.2.10	Alternatiewe oplosmiddel	127
4.3	Bespreking	128
4.3.1	Plantmateriaal	129
4.3.2	Irradiasietydsduur	129
4.3.3	Verhouding water tot plantmateriaal gebruik	130
4.3.4	Voginhoud van plantmateriaal	132
4.3.5	Hersirkulering van water	135
4.3.6	Verdelingsgraad van plantmateriaal	137
4.3.7	Byvoeging van oppervlakspanningsmodifiseerder	138
4.3.8	Voorafbehandeling nl. weking	139
4.3.9	Ladingsgrootte	141
4.3.10	Distillasiekinetika	143
4.3.11	Alternatiewe oplosmiddel	145
4.3.12	Relatiewe invloed van veranderlikes ondersoek	146
5.	Kontinue mikrogolfdestillasie	151
5.1	Inleiding	151
5.2	Kontinue mikrogolfdestillasietoerusting ontwerp algoritme	151
5.2.1	Termiese effektiwiteit van die mikrogolfoond	151
5.2.2	Ontwerp van 'n geskikte afsnygolfgeleier	153
5.2.3	Distillasieapparaat ontwerp	158
5.2.3.1	Ladingsgrootte	159
5.2.3.2	Mengseldigtheid	160
5.2.3.3	Indringingsdiepte	161
5.2.3.4	Oplosmiddelkeuse	161
5.2.3.5	Geometriese oorwegings	161
5.2.4	Voorgestelde apparaatopstelling	163

<b>Inhoudsopgawe (vervolg...)</b>	<b>Bladsy</b>	
5.2.4.1	Voerstroom tot die mikrogolfoond	163
5.2.4.2	Binne-in die mikrogolfoond	164
5.2.4.3	Strome uit mikrogolfoond uit	166
5.2.5	Plantmateriaalvoorbereiding	166
5.2.6	Skuimweermiddels	168
5.2.7	Berekening van maksimum oondlading	169
5.3	Aanbevelings en opmerkings rondom kontinue mikrogolfdestillasiesisteme	170
5.3.1	Veiligheid	170
5.3.2	Opskaling van apparaat	171
5.3.3	Belangrike ontwerp oorwegings	171
5.3.3.1	Mikrogolfveranderlikes	171
5.3.3.2	Oplosmiddel	172
5.3.3.3	Plantmateriaal	173
5.3.3.4	Distillasieapparaat	173
5.3.4	Aspekte van belang rakende bedryfsprosedures van kontinue sisteme	174
5.3.5	Alternatiewe toerustingkonfigurasies	175
6.	Teevervaardiging vanuit <i>L. scaberrima</i>	178
6.1	Inleiding	178
6.2	Plantmateriaaloorprong	178
6.3	Teevervaardiging	178
6.3.1	Inleiding	178
6.3.2	Drogingskurwes	179
6.3.3	Teevervaardiging prosesstappe	181
6.3.4	Eksperimentele tee's	182
6.3.4.1	Inleiding	182
6.3.4.2	Groen tee metode	183
6.3.4.3	Aangepaste Rooibostee metode	183
6.3.4.4	Swart tee metode	184
6.3.4.5	$\beta$ -Karoteen byvoeging	185
6.4	Sensoriese beoordeling en statistiese analise	186

<b>Inhoudsopgawe (vervolg...)</b>	<b>Bladsy</b>
6.4.1 Inleiding	186
6.4.2 Groen tee metode	186
6.4.3 Aangepaste Rooibostee metode	187
6.4.4 Swart tee metode	188
6.4.5 $\beta$ -Karoteen byvoeging	190
6.5 Medisinale eienskappe van <i>L. scaberrima</i> tee	190
6.5.1 Inleiding	190
6.5.2 Sitotoksiese aktiwiteit	191
6.5.3 Antifungale aktiwiteit	191
6.6 Chemiese karakterisering	192
6.7 Gevolgtrekkings en aanbevelings	193
7. Gevolgtrekkings en aanbevelings	195
7.1 Inleiding	195
7.2 <i>L. scaberrima</i> as gevallestudie	195
7.3 Karakterisering van die olies	195
7.4 Enkelladingsmikrogolfdestillasie veranderlikes ondersoek	196
7.4.1 Irradiasietydsduur	196
7.4.2 Verhouding water tot plantmateriaal gebruik	197
7.4.3 Voginhoud van plantmateriaal	197
7.4.4 Hersirkulering van distillaatwater	197
7.4.5 Plantmateriaal verdelingsgraad	198
7.4.6 Oppervlakspanningsmodifisering	199
7.4.7 Voorafbehandeling nl. weking	199
7.4.8 Ladingsgrootte	199
7.4.9 Distillasiekinetika	199
7.4.10 Alternatiewe oplosmiddel	199
7.5 Kontinue mikrogolfsisteme	200
7.5.1 Veiligheid	200
7.5.2 Oplosmiddel	200

**Inhoudsopgawe (vervolg...)**

**Bladsy**

7.5.3	Distillasieapparaat	201
7.5.4	Stroomvloeiempo's	201
7.5.5	Opskaling van apparaat	202
7.5.6	Bedryfsprosedures en –veranderlikes	202
7.5.7	Alternatiewe toerustingkonfigurasies	203
7.6	Teevervaardiging	203
7.7	Slotrede	204
8.	Verwysings	
9.	Bylaes	
A	Berekening van ekwivalente kwantumenergie van elektromagnetiese straling	A1
B	Ondersoek na die kamfer inhoud van <i>L. scaberrima</i>	B1
C	Voorbeelde van plante wat kommersieel belangrike geneesmiddels lewer	C1
D	Verwerking van literatuur olie opbrengste verkry by verskillende voginhoudswaardes	D1

**Lys van figure:**

Figuur 2.2.4.3.4.1	Kontinue mikrogolfdistillasie materiaalvloeiskema	(p. 53)
Figuur 3.2.2.1	Bepaling van kookpункrommes	(p. 89)
Figuur 4.1.5.1	Enkelladingsmikrogolfdistillasieapparaat 108)	(p.
Figuur 5.2.3.1	Bo- en sykant-aansig van die kontinue distillasieapparaat 159)	(p.
Figuur 5.2.3.2	Voerpunt-aansig van die kontinue distillasieapparaat 160)	(p.
Figuur 5.2.4.1.1	Voerstroom tot die mikrogolfoond 164)	(p.
Figuur 5.2.4.2.1	Bo-aansig van opstelling binne-in mikrogolfoond 165)	(p.
Figuur 5.2.4.2.2	Sykant-aansig van opstelling binne-in mikrogolfoond 165)	(p.
Figuur 5.2.4.3.1	Vloeistrome uit die mikrogolfoond uit 166)	(p.
Figuur 5.3.5.1	'n Dubbelluik deurgang metode 176)	(p.
Figuur 5.3.5.2	Voorgestelde industriële proseskonfigurasie 177)	(p.

**Lys van grafieke:**

Grafiek 3.2.2.1	Kookpункtkrommes	(p. 90)
Grafiek 3.3.8.1	Residuele massas olie tydens verdamping 100)	(p.
Grafiek 4.2.1.1	Invloed van irradiasietydsduur op opbrengs 118)	(p.
Grafiek 4.2.2.1	Invloed van verhouding water tot plantmateriaal gebruik op opbrengs 119)	(p.
Grafiek 4.2.3.1	Invloed van voginhoud op opbrengs 120)	(p.
Grafiek 4.2.4.1	Invloed van hersirkulasiewater op opbrengs 121)	(p.
Grafiek 4.2.5.1	Invloed van verdelingsgraad op opbrengs 122)	(p.
Grafiek 4.2.6.1	Invloed van oppervlakspanningsmodifiseerder op opbrengs 123)	(p.
Grafiek 4.2.7.1	Invloed van voorafbehandeling nl. weking op opbrengs 124)	(p.
Grafiek 4.2.8.1	Invloed van plantmateriaal ladingsgrootte op opbrengs 125)	(p.
Grafiek 4.2.9.1	Distillasiekinetika van die olie opbrengs 126)	(p.
Grafiek 4.2.9.2	Distillasiekinetika van die distillaatwater herwin 127)	(p.
Grafiek 6.3.2.1	Drogingskurwes van <i>L. scaberrima</i> plantmateriaal by verskillende temperature 179)	(p.
Grafiek 6.3.2.2	Drogingskurwe van <i>L. scaberrima</i> plantmateriaal by Omgewingstemperatuur 180)	(p.



**Lys van tabelle:**

Tabel 2.2.2.1	Geselekteerde fisiese en chemiese eienskappe	(p. 23)
Tabel 2.2.2.2.	Fisiese en chemiese eienskappe van <i>Lippia</i> essensiële olies	(p. 24)
Tabel 2.2.3.1.1	Energiewaardes van geselekteerde chemiese bindings en Elektromagnetiese straling	(p. 27)
Tabel 2.2.3.4.1	Diëlektriese eienskappe van geselekteerde materiale	(p. 32)
Tabel 2.2.3.6.1	Indringingsdiepte van geselekteerde materiale	(p. 36)
Tabel 2.2.5.2.1	Suid-Afrikaanse essensiële olies gelewer aan die wêreldmark gedurende 1984	(p. 55)
Tabel 2.3.2.1	<i>Lippia</i> Houst. spesies as tee gebruik	(p. 62)
Tabel 3.2.1.1	Vriespunte	(p. 88)
Tabel 3.2.3.1	Soortlike gewigte	(p. 91)
Tabel 3.2.4.1	Refraksie-indekse	(p. 91)
Tabel 3.2.6.1	Optiese rotasies	(p. 94)
Tabel 3.3.2.1	Mengbaarheid met etanol	(p. 95)
Tabel 3.3.4.1.	Karbonielgetalle	(p. 96)
Tabel 3.3.5.1	Suurgetalle	(p. 96)
Tabel 3.3.6.1	Estergetalle voor asetilering	(p. 97)
Tabel 3.3.6.2	Estergetalle na asetilering	(p. 98)
Tabel 3.3.7.1	Vry en totale alkohol inhoud	(p. 98)
Tabel 4.1.2.1	Samestelling en voginhoud van ingesamelde plantmateriaal gedurende progressiewe droging	(p. 104)
Tabel 4.1.4.1	Invloed van verhouding water tot plantmateriaal gebruik (Waterdistillasie)	(p. 107)
Tabel 4.2.10.1	Resultate van etanol distillasielopies	(p. 128)
Tabel 4.3.4.1	Invloed van plantmateriaalvoginhoud op opbrengs	(p. 133)
Tabel 4.3.12.1	Maksimum olie opbrengste (Enkelladingsdistillasie)	(p. 147)

Tabel 4.3.12.2	Standaard opbrengste (Enkelladingsdistillasie) 149)	(p.
Tabel 4.3.12.3	Statistiese analyses van die standaardopbrengste 150)	(p.
Tabel 5.2.1.1	Mikrogolfoond termiese effektiwiteit bepaling 152)	(p.
Tabel 5.2.2.1	Afsnygolfgeleier ontwerp voorbeelde 158)	(p.
Tabel 5.2.5.1	Invloed van plantmateriaalvoorbereiding op olie-opbrengs (Waterdistillasie) 167)	(p.
Tabel 5.2.5.2	Hoopdigthede van <i>L. scaberrima</i> lugdroë materiaal 168)	(p.
Tabel 6.3.4.2.1	<i>L. scaberrima</i> groen tee vervaardiging eksperimente 183)	(p.
Tabel 6.3.4.4.1	<i>L. scaberrima</i> swart tee vervaardiging eksperimente 185)	(p.
Tabel B.1	Hoeveelhede kamfer in <i>L. scaberrima</i> essensiële olies (Molpersentasies)	(p. B1)
Tabel B.2	Essensiële olie opbrengste vir olies genoem in Tabel B.1 (Massapersentasies)	(p. B2)
Tabel B.3	Hoeveelhede <i>L. scaberrima</i> essensiële olies wat 50 mg kamfer bevat	(p. B2)
Tabel B.4	Hoeveelhede <i>L. scaberrima</i> plantmateriaal wat 50 mg kamfer bevat	(p. B3)
Tabel C.1	Plante wat kommersieel belangrike geneesmiddels lewer	(p. C1)
Tabel D.1	Hoeveelhede plantmateriaal ondersoek D1)	(p.
Tabel D.2	Ooreenstemmende hoeveelhede droë plantmateriaal D1)	(p.
Tabel D.3	Hoeveelhede olie herwin D2)	(p.
Tabel D.4	Vergelykbare olie opbrengswaardes D2)	(p.



## 1. Doel van die ondersoek

### 1.1. Inleiding

Francisco Hernández, in opdrag van Koning Phillip II van Spanje om die medisinale plante van "Nuwe Spanje" te gaan bestudeer, het die gebruike, name en botaniese eienskappe van meer as 3000 verskillende plante tussen 1570 en 1576 opgeteken. Hernández se werk is verskeie kere sedert 1587 in Latyn en Spaans gepubliseer. In die Latynse uitgawe van 1651 word verwys na die medisinale gebruike van 'n plant wat bo alle redelike twyfel *Lippia dulcis* Trev. is (Compadre, Robbins *et al*, 1986).

Bg. voorbeeld dien ter illustrasie van die intensiewe medisinale benutting van die plantgenus *Lippia* Hout. (familie *Verbenaceae* Juss.) deur die eeue oor die wêreld heen, bv. die Amerikas (Maisch, 1885) en Afrika (Kokwaro, sine anno; Ayensu, 1978).

Gedrag- en ekologiese studies wat vir meer as 22 jaar in Tanzanië se Mahale Nasionale Park uitgevoer is toon dat selfs diere hierdie plantgenus medisinaal benut. Gedurende hierdie tydperk is voldoende bewyse verkry dat die Mahale en Gombe sjimpansees van Westelike Tanzanië spesifieke plante as medisyne aanwend, waaronder *Lippia plicata* Baker (Takasaki & Hunt, 1987).

In Suider-Afrika word verskeie *Lippia* spesies medisinaal gebruik (Watt & Breyer-Brandwijk, 1962). Só word die na-endemiese *Lippia scaberrima* Sond. (Beukesbossie) reeds eeue lank deur verskeie bevolkingsgroepe in Suid-Afrika benut. Hierdie wydverspreide tradisionele aanwendings het gelei tot 'n ondersoek na die medisinale potensiaal van *L. scaberrima* met spesifieke verwysing na die essensiële olie-inhoud daarvan (Terblanché, 1995). Die studie het aangetoon dat die essensiële olie van *L. scaberrima* oor besliste antifungale aktiwiteit teen *Candida albicans* beskik, maar aktiewe komponent(e) is nie geïsoleer nie.

## **1.2.Probleemstelling**

### **1.2.1.Essensiële olie**

#### **1.2.1.1.Karakterisering van die essensiële olies**

Daar bestaan geen metode wat die absolute essensiële olie-inhoud van botaniese materiaal kan bepaal nie (Franklin & Keyzer, 1962; Whish, 1996). Ten einde die effektiwiteit van enige (nuwe) produksiemetode te bepaal moet die produk daarvan vergelyk word met dié verkry deur gebruikmaking van 'n bestaande produksiemetode soos waterdistillasie (Whish, 1996).

Essensiële olies wat verkry word vanuit voorheen onbekende biologiese bronne (soos in dié geval), moet fisies en chemies gekarakteriseer word ten einde standarde daar te stel waarvolgens olie vervaardig kan word. Fisiese en chemiese eienskappe van watergedistilleerde olie van *L. scaberrima* is vergelyk met olie verkry deur enkelladingsmikrogolfdistillasie ten einde te bepaal waar oliesamestellingsverskille gesetel is. Hier verteenwoordig waterdistillasie 'n algemeen toegepaste olie- ekstraksiemetode en mikrogolfdistillasie die gekose metode vir uiteindelijke produksie.

Vir bepaling van die eienskappe is die Internasionale Standaard Organisasie (ISO) se riglyne vir essensiële olies so noukeurig as moontlik gevolg. Deur die twee produksiemetodes só te vergelyk is 'n variasie op die klassieke essensiële olie vervaardigingsproses teenoor waarskynlik die mees moderne vervaardigingsmetode gestel. Insig aangaande die invloed van mikrogolfstraling op essensiële olies vloei voort vanuit vergelyking van die twee produksiemetodes se produkte.

Waardes vir die fisiese en chemiese eienskappe geld slegs vir dié bepaalde plantpopulasie waarvan monsters geneem is tydens die ondersoek. Geografiese verspreiding en klimatologiese wisselings het 'n besliste invloed op die samestellings van essensiële olies. Die eksperimentele waardes bied egter goeie aanduidings van ordegroottes wat die waardes van bepaalde eienskappe oor die verspreidingsgebied heen kan aanneem. Sodanige ondersoek is, sover bekend, nog nooit

op 'n Suid-Afrikaanse *Lippia* spesie uitgevoer nie.

Geen standaardspesifikasie(s) is daargestel nie, alhoewel die metodes wat gevolg is toegepas kan word oor 'n gekose verspreidingsgebied van die plant ten einde sodanige spesifikasie te skryf. Die doel met hierdie deel van die ondersoek was slegs om produkte verkry met twee essensiële olie produksiemetodes te vergelyk op grond van die volgende fisiese en chemiese eienskappe:

- Vriespunt
- Kookpuntgebied
- Soortlike gewig
- Refraksie-indeks
- Viskositeit
- Optiese rotasie
- pH
- Mengbaarheid met etanol
- Fenol-inhoud
- Karbonielgetal
- Suurgetal
- Estergetalle (voor en na asetilering)
- Inhoud van vry en totale alkohole
- Residu na verdamping

Gaschromatografiese en massaspektroskopiese (GC/MS) ondersoeke op water- sowel as mikrogolgedistilleerde essensiële olies van *L. scaberrima* is in die literatuur (Terblanché, 1995; Terblanché, Kornelius *et al*, 1998) beskikbaar.

#### **1.2.1.2. Enkelladingsmikrogolfdistillasie**

Die klassieke metode om essensiële olies te herwin vanuit biologiese materiaal is stoomdistillasie. 'n Variasie van stoomdistillasie, nl. waterdistillasie, is vergelyk met enkelladingsmikrogolfdistillasie t.o.v. olie obrengste verkry vanuit *L. scaberrima* (Terblanché,

1995).

Klassieke essensiële olie herwinningstegnieke se mees ernstige tekortkominge kan gevind word in die mate van tegnologiese ontwikkeling wat beskikbaar was toe sodanige prosesse as produksiemetodes aanvaar is. Met tegnologiese ontwikkeling het verskeie variasies van stoomdistillasie ontstaan. Voordele van essensiële olie herwinning m.b.v. mikrogolwe in vergelyking met ander produksiemetodes is in die literatuur beskryf (Terblanché, 1995:38–39). Bv., die ekstraksietyd benodig kan tot duisendvoudig verminder word in vergelyking met konvensionele ekstraksiemetodes (Terblanché, 1995:38).

Literatuur oor die herwinning van essensiële olies m.b.v. mikrogolwe is uiters beperk aangesien hierdie toepassing van mikrogolfstraling relatief nuut is. Die meeste artikels vergelyk mikrogolfekstraksie bloot met 'n ander ekstraksieproses (bv. Soxhlet ekstraksie) t.o.v. opbrengste verkry en/of tydsduur benodig (Terblanché, 1995:35–39; Chen & Spiro,1994). 'n Verdere rede is dat slegs 'n klein aantal wetenskaplikes mikrogolfekstraksietegnologie verbandhoudend met biologiese materiaal ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoeksegment is identifisering en bestudering van veranderlikes wat 'n belangrike invloed uitoefen op die verkryging van maksimum olie-opbrengs tydens enkelladingsmikrogolfdistillasie. Die volgende veranderlikes is ondersoek:

- Irradiasietydsduur
- Verhouding water (oplosmiddel) tot plantmateriaal gebruik
- Voginhoud van plantmateriaal net voor distillasie
- Hersirkulering van afgedistilleerde water
- Fisiese grootte van die ekstraheerbare materiaal
- Byvoeging van 'n oppervlakspanningsmodifiseerder
- Voorafbehandeling van plantmateriaal nl. weking
- Ladingsgrootte
- Distillasiekinetika
- Alternatiewe oplosmiddel

Die volgende veranderlikes, wat wel as sodanig geïdentifiseer is, is om bepaalde redes nie ondersoek nie:

- 'n Huishoudelike tipe mikrogolfoond is gebruik a.g.v. verskeie redes, waaronder die kapitaaluitleg verbonde aan 'n industriële mikrogolfoond. Aangesien essensiële olies hoë waarde lae volume produkte is en relatief min produk benodig word vir enige gegewe toepassing, is 'n huishoudelike mikrogolfoond meer geskik as die industriële tipe vir kleinskaalvervaardiging.
- Die mikrogolffrekwensie ondersoek (2450 MHz) is deur die vervaardiger van die oond gespesifiseer.
- Die invloed van die verspreidingsgebied van die plant t.o.v. oliesamestelling en/of olie-opbrengs is nie ondersoek nie. Slegs plante verteenwoordigend van 'n klein gebied is gebruik om interpretasie van resultate te vereenvoudig.
- Klimatologiese en geografiese veranderlikes soos die seisoenale variasie wat met oestyd gepaard gaan is nie bestudeer nie aangesien die invloed van hierdie veranderlikes beperk is tot kommersiële belang en nie bydra tot die effektiwiteit van distillasietoerusting nie. Soortgelyk is geen bergingsveranderlikes ondersoek nie.
- Verskillende posisies van die distillasieapparaat binne die mikrogolfoond tydens enkelladingsbedryf sowel as die geometrie van die apparaat is nie bestudeer nie. Indien hierdie twee veranderlikes ondersoek wil word sal die elektromagnetiese eienskappe van mikrogolfstraling deeglik bestudeer moet word en aanbevelings dan vanuit 'n teoretiese benadering verskaf moet word, wat buite die bestek van die ondersoek val.
- Die aard van die oplosmiddelpolariteit is grootliks beperk tot dié van water omrede water gebruik is a.g.v. o.a. farmaseutiese vereistes en gesondheidsredes.
- Die bedryfsdruk was deurgaans die heersende atmosferiese druk in Pretoria.
- Lugdroë *L. scaberrima* plantmateriaal is in die ondersoek gebruik as gevallestudie en die interpretasie van resultate is ooreenkomstig die eienskappe van hierdie plantmateriaal uitgevoer. Die apparaat is met geen ander biologiese materiaal geëvalueer nie alhoewel dit tot 'n groot mate algemeen toepaslik is.



Om die veranderlikes wat 'n invloed het gedurende distillasie te ondersoek is die enkelladingseksperimente uitgevoer; die resultate verkry is gebruik om bedryfsveranderlikes vir kontinue mikrogolfdestillasieapparaat te kwantifiseer.

### **1.2.1.3.Kontinue mikrogolfdestillasie**

Tydens enkelladingsbedryf is verskillende veranderlikes afsonderlik ondersoek en optima vir elkeen só bepaal. Hierdie inligting is gebruik om aanbevelings te maak rondom kontinue mikrogolfdestillasie vir die herwinning van essensiële olies. Slaggate tydens die ontwerp en bou van 'n prototipe kontinue apparaat is geïdentifiseer en geanaliseer. Bv., om 'n prototipe vanaf 'n huishoudelike tipe mikrogolfoond te bou is nie haalbaar as van 'n hoogs polêre oplosmiddel soos water gebruik gemaak wil word nie a.g.v. die termiese effektiwiteit van sodanige oonde, afsnygolfgeleierdiameter, ens. Geen kontinue mikrogolfdestillasieapparaat is eksperimenteel geëvalueer nie.

Vir enige spesifieke biologiese materiaal kon die invloed van 'n aantal belangrike mikrogolfdestillasie veranderlikes, afsonderlik bestudeer en vergelyk met olie-opbrengs of -kwaliteit, nie in die literatuur gevind word nie. Inligting rakende moontlike teenstrydige effekte van verskillende veranderlikes in mikrogolfsisteme kon ook nie opgespoor word nie. Geen lys van die veranderlikes betrokke tydens essensiële olie herwinning vanuit plantmateriaal m.b.v. enige produksiemetode kon gevind word nie, alhoewel individuele veranderlikes wel deur sekere navorsers as sodanig geïdentifiseer is. Sodanige ontwikkelingswerk is noodsaaklik vir suksesvolle ontwerp en vervaardiging van kontinue mikrogolfdestillasieapparaat, en hierdie studie poog om daardie leemte te vul.

Mikrogolfdestillasie as produksiemetode van essensiële olies kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die benutting van essensiële olies in medisynepreparate of as smaak- of geurmiddels.

#### 1.2.1.4. Benutting van die olie

Suid-Afrika beskik oor talryke plantspesies waarvan die essensiële olies moontlike kommersiële potensiaal besit (Van der Riet, 1933; Piprek, Graven *et al*, 1982; Terblanché, 1995). In 1932 is alreeds meer as 15 kg boegoe-olie uit die R.S.A. uitgevoer (Van der Riet, 1933).

Met die huidige oplewing in die verkope en aanwending van medisyne van botaniese oorsprong (Rawls, 1996) raak die benutting en ekstrahering van o.a. essensiële olies al hoe belangriker. In die essensiële olie van *Lippia multiflora* is bv. verbindings wat oor antimalaria-aktiwiteit beskik (Valentin, Pelissier *et al*, 1995). Al hoe meer gebruike vir essensiële olies word ook gevind bv. benutting van oliekomponente as natuurlike antioksidante is *in vitro* geëvalueer (Dorman, Deans *et al*, 1995). Bg. bevestig die steeds groeiende aanvraag na voorheen onbekende of onbenutte essensiële olies en die medisinale moontlikhede van *L. scaberrima* olie moet deeglik bepaal word.

Die essensiële olie afkomstig vanaf *L. scaberrima* staan sentraal tot verskeie potensiële gebruike van die plant, en dit mag derhalwe ekonomies belangrik wees in die toekoms a.g.v. benutting daarvan as samestellende komponent in die volgende:

- Lugverfrisserformulerings.
- Handreiniger- en algemene skoonmaakmiddelformulerings.
- Antiseptiese middels.
- Skoonheids- en velsorgprodukte vir die gesondheidsbewuste, t.w. room, salf, vogmiddels, sjampoe, tandepasta, ens.
- 'n Oplossing waarin hout- en keramiek eetgerei geweek word om 'n skoon, vars geur daaraan te verleen.
- Gedroogde blare en/of blomhofies of die olie kan toegevoeg word as smaak- of geurmiddel vir koffie, botter, roomkaas en vleisgerigte.
- 'n Mondspoelmiddel vir aanwending teen *Candida albicans* infeksies kan klinies geëvalueer en as farmakologiese geneesmiddel geregistreer word. 'n Room vir topikale vaginale aanwending kan ook vervaardig en bemark word.

- Dit kan dien as bron van 'n (gesuiwerde) oliekomponent wat daarin voorkom (Terblanché, 1995), bv. sineool, limoneen, endo-borneol, ens.
- Dit kan vermeng word saam met ander welriekende verbindings in die parfuumbedryf.
- As komponent van insekafweermiddels teen bv. muskiete.
- As preserveermiddel vir o.a. voedsel.

Al bg. toepassingsmoontlikhede van die olie is nie ondersoek nie ten einde te verhoed dat bemarking deel van die ondersoek word. Die ander Suid-Afrikaanse *Lippia* spesies kan verder bestudeer word om te bepaal of sodanige olies nie meer/ook geskik sal wees vir bg. toepassings nie.

### 1.2.2.Kruietee

Verskeie *Lippia* spesies word oor die wêreld heen as tee benut, bv. *L. scaberrima* in Suid-Afrika (Terblanché, 1995), *L. pseudo-thea* Schau. in Brasilië (Hedrick, 1972), *L. citriodora* Kunth. regdeur Afrika (Thonner, 1915; Van Wijk, 1986) en *L. javanica* (Burm. F.) Spreng. in Suid-Afrika (Van Wijk, 1986).

As verdere voorbeeld van die ekonomiese potensiaal van *L. scaberrima* is 'n geskikte vervaardigingsmetode vir die bereiding van tee ontwikkel. Tee berei van hierdie plant word tradisioneel veral deur Tswanas en Blankes geniet (Terblanché, 1995).

Omrede elke plant waarvan 'n tee gemaak wil word uniek is, moet die vervaardigingsproses vir 'n nuwe tee eksperimenteel bepaal word. Dit behels o.a. die bepaling van toepaslike waardes vir die veranderlikes wat betrokke is, bv. drogingstyd, fermentasietyd, ens. Die gewaarwording dat 'n tee aangenaam is, is 'n uiters subjektiewe bepaling, en soveel te meer vir 'n onbekende produk. Hier word gevolglik nie na 'n optimum vervaardigingsmetode verwys nie, aangesien sodanige optimum metode jare van intensiewe navorsing en voortdurende verbetering sal verg. Daar word slegs bedoel dat verskillende vervaardigingsmetodes ondersoek is en dat geskikte gebiede vir die betrokke veranderlikes geïdentifiseer is, sover moontlik.

Die vervaardiging van die tee was daarop gemik om 'n aanvaarbare produk te verkry. Die doel was nie om die mees bemerkbare tee te vervaardig nie, aangesien behoorlike marknavorsing en terugvoering oor bv. die organoleptiese kwaliteit nodig is vir sodanige studie. *L. scaberrima* tee word al eeue lank tradisioneel benut, en daar wou o.a. bepaal word of die tradisionele bereidingsmetode die enigste aanvaarbare produksiemetode is. Die tee vervaardiging vanaf *L. scaberrima* uitgevoer in hierdie studie word gesien as eerste iterasie vir die verkryging van 'n kommersieel haalbare tee.

Geen chemiese karakterisering van *L. scaberrima* tee het plaasgevind nie, en geen in diepte ondersoek rakende die chemiese samestelling daarvan is uitgevoer nie. Daar sal uiteraard eers op 'n geskikte vervaardigingsmetode besluit moet word, waarna die kafeïeninhoud, fluoriedinhoud, ens. van die resulterende tee bepaal kan word. Die takson se alkaloïed- en tannieninhoud is reeds bepaal (Power & Tutin, 1907).

Aangesien kliniese toetse om die medisinale moontlikhede van 'n tee te bevestig omvattend en duur is, is 'n ander roete gevolg om beperkte medisinale potensiaal van die tee te bewys. 'n Ekstrak is bv. ondersoek t.o.v. anti-fungale aktiwiteit sowel as sitotoksiteit. Sitotoksiteit is waarskynlik die belangrikste veranderlike wat die tee se kommersiële potensiaal en bemerkbaarheid bepaal; dus is bepaling daarvan vroeg uitgevoer.  $\beta$ -Karoteen byvoegings is gedoen ten einde kleurmanipulering van die tee's te ondersoek.

Sensoriese beoordeling van die tee met statistiese ontleding daarvan is in beperkte mate uitgevoer m.b.t. die eienskappe aroma, kleur en smaak van die verskillende bereide tee's.

### **1.2.3.Ander benuttingsmoontlikhede**

Bo en behalwe tradisionele medisinale aanwendings (Terblanché, 1995) en gebruike genoem in paragrawe 1.2.1.4. en 1.2.2., kan die takson as volg benut word:

- As sierlike tuinplant, in gebiede waar dit sal vestig. Die geurige aard van *L. scaberrima* en die feit dat dit 'n meerjarige kruid is maak dit uiters geskik hiervoor.

- In 'n kruietuin.
- Uitgedistilleerde plantmateriaal kan as kompos verwerk word, veral omrede die essensiële olie verwyder is en afbraak daarvan vinniger sal plaasvind.
- Blare en/of blomhofies as toevoegings gemaak tot potpourri. Dit kan dien as geurmiddel vir linne, en word reeds in beperkte mate op die platteland uitgevoer (Palmer, 1985:49). Hierby word mottesakkies, kruiekussings, ens. ingesluit.
- Die moontlikhede as geur- en/of smaakmiddel m.b.t. voedsel is bykans onbeperk, bv. kruiebrood, kruiejellie, kruie-olie, slaai-olie, kruie-asyne, kruieslaai, in kaas, souse, pasteideeg, sop, ens.
- Gedroogde plante kan benut word in blommeranskikkings.
- 'n Kruie-likeur kan daarvan berei word.

Al bg. benuttingsmoontlikhede kan vanselfsprekend nie bestudeer en behandel word nie, maar daar is gepoog om haalbare projekte en/of produkte te identifiseer waar slegs 'n mate van ontwikkelingswerk nodig geag is voordat bemarking in aanvang kan neem. Enkele van bogemelde gebruike kan geïdentifiseer en ekonomies gerealiseer word terwyl verdere moontlikhede voortdurend ondersoek word.

Die kommersiële benutting van *L. scaberrima* hang af van die inisiatief en motivering van die individu wat sodanige projek bestuur, omrede die moontlikhede bykans onbeperk is en die fondasie van wetenskaplike ondersoek reeds gelê is.

## **2.Literatuuroorsig**

### **2.1.Inleiding**

Botaniese aspekte van *Lippia scaberrima* Sond. vir die doel van kommersiële herwinning van produkte daaruit is beskryf in die literatuur (Terblanché, 1995:3–10). Die enigste bykomende plantkundige verwysings wat gevind kon word handel oor moontlike toksisiteit van Suid-Afrikaanse *Lippia*-spesies teenoor beeste (Fourie, 1984) sowel as 'n taksonomiese ondersoek na die genus *Lippia* L. in Suider-Afrika (Gildenhuys, 1995).

### **2.2.Essensiële olie**

Teorie rondom essensiële olies en die produksie daarvan, insluitende produksie m.b.v. mikrogolfstraling, is reeds in die literatuur opgesom (Terblanché, 1995:10–43) en slegs relevante bykomende inligting word hier verstrekk. Die klem in hierdie deel van die studie val op veranderlikes wat 'n invloed kan hê op essensiële olieproduksie deur gebruikmaking van mikrogolfdestillasieapparaat en die oorsig van relevante literatuur is dienooreenkomstig hanteer.

#### **2.2.1.Identifisering van veranderlikes betrokke by olieherwinning**

'n Aantal veranderlikes kan geïdentifiseer word wat die essensiële olie verkry vanuit biologiese materiaal behorende tot 'n enkele en unieke botaniese plantspesie beïnvloed. Die veranderlikes kan nie ten volle van mekaar geskei en onafhanklik van mekaar geplaas word nie aangesien 'n onderlinge wisselwerking tussen sommige van hulle bestaan en die een die ander noemenswaardig kan beïnvloed.

A.g.v. die ingewikkelde wisselwerking en invloed van geografiese-, botaniese-, produksie- en ander veranderlikes is samestellings van produkte wat essensiële olies bevat kompleks. Bv., t.o.v. dermatologiese toleransie van parfuurkomponente kan die oorsaak van ekseem nie eenduidig bepaal word nie a.g.v. produk kompleksiteit (Bouhlal & Meynadier, 1989), daaraan verleen deur o.a. die aantal essensiële olie veranderlikes betrokke.

Die invloed van elke veranderlike hieronder gespesifiseer moet vir elke individuele plantspesie afsonderlik ondersoek word omrede elke plantspesie se unieke genetiese, chemiese en fisiese samestelling dit sonderling laat optree. Bv. in sekere gevalle is dit beter om vars plantmateriaal te gebruik vir olieherwinning en in ander gevalle is 'n mate van droging wenslik (Van der Riet, 1933). Alhoewel sekere veralgemenings gemaak kan word as vertrekpunt moet die invloed van die veranderlikes genoem elkeen afsonderlik vasgestel word vir die spesifieke plantspesie wat ondersoek wil word, al is dit bloot ter bevestiging van 'n algemene neiging waargeneem vir ander plantspesies.

Die geïdentifiseerde veranderlikes het 'n invloed op beide die samestelling (kwaliteit) en opbrengs van die olie en word gerieflikheidshalwe verdeel in sewe groepe, nl.:

1. Geografiese veranderlike.
2. Klimatologiese veranderlikes.
3. Botaniese veranderlikes het betrekking op die plantmateriaal voordat dit in die produksieapparaat geplaas word, uitgesonderd veranderlikes gegroepeer onder 1.) en 2.) hierbo. Produksiefaktore soos fisiese grootte-reduksie en voorafbehandeling (bv. weking) word hier ingesluit, aangesien dit die samestelling van die biologiese materiaal verander vóórdat dit in die produksieapparaat geplaas word.
4. en 5. Produksieveranderlikes word onderverdeel in bedryfs- en toerustingveranderlikes. Bedryfsveranderlikes kan tydens produksie gewissel word ten einde die effek daarvan te bepaal terwyl toerustingveranderlikes met die toerustingontwerp in verband gebring word. Die gelyste veranderlikes is verkry deur slegs stoom- en waterdistillasie sowel as enkellading- en kontinue mikrogolfdistillasie as produksiemetodes te evalueer. Hierdie benadering is gevolg aangesien die heel belangrikste produksieveranderlike die herwinningsmetode wat gebruik word is, bv. mikrogolfekstraksie vs. hidrodifusie soos aangetoon vir 10 plantspesies behorende aan verskillende plantfamilies (Jean, Collin *et al*, 1992). Die samestellings sowel as opbrengste van olies verkry vanuit enkelspesie plantmateriaal met verskillende herwinningsmetodes verskil, soos aangetoon vir 'n aantal basiliekruid spesies (*Ocimum* sp.) (Charles & Simon, 1990). Verskillende

ekstraksietegnieke lewer verskillende produkte, bv. roos otto (stoomdistillasie) en roos absoluut (oplosmiddel ekstraksie) vanuit roos (*Rosa damascena*) (Moates & Reynolds, 1991).

6. Bergingsveranderlikes verteenwoordig dié groep veranderlikes wat na herwinning van die olie 'n rol kan speel.
7. Diverse veranderlikes sluit oorblywende veranderlikes in.

#### **2.2.1.1. Geografiese veranderlike**

Die geografiese verspreidingsgebied verteenwoordig daardie spesifieke lengte- en breedtegraadliggings waar plantmateriaal aangetref en ingesamel kan word. Dieselfde plantspesie wat in verskillende wêrelddele gekweek word neig om dieselfde oliekomponente in verskillende konsentrasies te bevat. Dié veranderlike speel in sommige gevalle die belangrikste rol t.o.v. oliekwaliteit. Voorbeelde van plante waarvoor die invloed van geografiese ligging al bepaal is sluit kakiebos (*Tagetes minuta*) (Chalchat, Garry *et al*, 1995) en suurlemoen (*Citrus limon*) (Staroscik & Wilson, 1982) in.

